838

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST
BUITELANDS 30c ABROAD
POSVRY · POST FREE

VOL. 188] KAAPSTAD, 13 FEBRUARIE 1981 CAPE TOWN, 13 FEBRUARY 1981 [No. 7408

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 282. 13 Februarie 1981.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 2 van 1981: Wet op Seeverkeer, 1981.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 282. 13 February 1981.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 2 of 1981: Marine Traffic Act, 1981.

ACT

To regulate marine traffic in the Republic of South Africa and to provide for matters connected therewith.

(English text signed by the State President.)
(Assented to 4 February 1981.)

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions.

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "authorized person" means—
- *(a)* any officer as defined in section 1 of the Public Service Act, 1957 (Act No. 54 of 1957), designated by the Minister;
- *(b)* any officer of the South African Navy;
- *(c)* any member of the South African Police above the rank of sergeant;
- *(d)* any member of the South African Railways Police Force above the rank of sergeant; or
- *(e)* any person accompanying any person referred to in paragraph *(a)*, *(b)*, *(c)* or *(d)* and acting under his instructions; (iii)

(ii) "foreign", in relation to any ship, submarine or other underwater vessel, means a ship, submarine or other underwater vessel which is not registered or licensed in the Republic; (x)

(iii) "innocent passage" means passage which is not prejudicial to the peace, good order or security of the Republic; (xi)

(iv) "internal waters" means the waters on the landward side of the normal baseline from which the territorial waters are determined, and includes—
- *(a)* any harbour under the jurisdiction of the South African Railways and Harbours Administration;
- *(b)* any fishing harbour as defined in section 1 of the Sea Fisheries Act, 1973 (Act No. 58 of 1973); and
- *(c)* Walvis Bay, Saldanha Bay, Hout Bay, False Bay, the Knysna Lagoon, the Bay of Natal and Richards Bay; (i)

(v) "master", in relation to any ship, submarine or other underwater vessel, means any person having charge or command of such ship, submarine or other underwater vessel; (iv)

(vi) "Minister" means the Minister of Transport Affairs; (v)

(vii) "offshore installation" means—
- *(a)* any installation which is situated within the territorial waters or internal waters or in the open sea and which is used for the transfer of oil from a ship to a point on land or from such point to a ship, and includes an oil derrick so situated;

WET

Tot reëling van seeverkeer in die Republiek van Suid-Afrika en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 4 Februarie 1981.*)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywing.

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) „binnewaters" die waters aan die landwaartse kant van die gewone aanvangslyn waarvandaan die territoriale waters bepaal word, en ook—
(a) enige hawe onder die gesag van die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Haweadministrasie;
(b) enige vissershawe soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Seevisserye, 1973 (Wet No. 58 van 1973); en
(c) Walvisbaai, Saldanhabaai, Houtbaai, Valsbaai, die Knysna-strandmeer, die Baai van Natal en Richardsbaai; (iv)

(ii) „deurvaart" vaart deur die territoriale waters op 'n onafgebroke en flinke wyse op 'n gewone en gebruiklike roete met die doel om—
(a) deur daardie waters te vaar sonder om binnewaters binne te gaan of 'n rede of see-installasie buite binnewaters aan te doen; of
(b) na of van 'n hawe te vaar, hetsy deur binnewaters of nie, of so 'n rede of see-installasie aan te doen,
en ook tot stilstand kom en vasanker, vir sover daardie totstilstandkoming en vasankering bykomstig is by gewone skeepsvaart of nodig gemaak word deur oormag of nood of geskied met die doel om bystand aan persone, skepe of lugvaartuie in gevaar of nood te verleen; (viii)

(iii) „gemagtigde persoon"—
(a) enige beampte soos omskryf in artikel 1 van die Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54 van 1957), wat deur die Minister aangewys is;
(b) enige offisier van die Suid-Afrikaanse Vloot;
(c) enige lid van die Suid-Afrikaanse Polisie bo die rang van sersant;
(d) enige lid van die Suid-Afrikaanse Spoorwegpolisiemag bo die rang van sersant; of
(e) enigiemand wat 'n persoon in paragraaf *(a)*, *(b)*, *(c)* of *(d)* bedoel, vergesel en volgens sy voorskrifte optree; (i)

(iv) „gesagvoerder", met betrekking tot 'n skip, duikboot of ander onderwater-vaartuig, enigiemand wat toesig

(b) a bunkering vessel in such waters or the open sea; or

(c) any vessel or appliance used for the purpose of exploiting the seabed in such waters or the open sea; (vii)

(viii) "passage" means navigation through the territorial waters in a continuous and expeditious manner on a normal and customary route for the purpose of—

(a) traversing those waters without entering internal waters or calling at a roadstead or offshore installation outside internal waters; or

(b) proceeding to or from a harbour, whether through internal waters or not, or a call at any such roadstead or offshore installation,

and includes stopping and anchoring, in so far as such stopping and anchoring are incidental to ordinary navigation or are rendered necessary by *vis major* or distress or are for the purpose of rendering assistance to persons, ships or aircraft in danger or distress; (ii)

(ix) "regulation" means a regulation made under section 14; (vi)

(x) "ship" means a ship as defined in section 2 of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951); (viii)

(xi) "territorial waters" means the territorial waters of the Republic as defined in section 2 of the Territorial Waters Act, 1963 (Act No. 87 of 1963). (ix)

Right of innocent passage.

2. Subject to the provisions of this Act, every ship, submarine and other underwater vessel (other than any foreign ship, submarine or other underwater vessel not used for commercial purposes) shall enjoy the right of innocent passage through the territorial waters.

Certain vessels to show flag.

3. (1) Save as otherwise authorized by the Minister, the master of any foreign submarine or other foreign underwater vessel shall not cause it to navigate the territorial waters or internal waters otherwise than on the surface and without showing its flag.

(2) The master of such submarine or vessel who contravenes the provisions of subsection (1) shall be guilty of an offence.

Entry into and departure from internal waters.

4. (1) The master of any ship, foreign submarine or other foreign underwater vessel shall not, except as prescribed by regulation, cause it to enter or leave internal waters other than a harbour or port under the jurisdiction or control or management of the South African Railways and Harbours Administration.

(2) The master of such ship, submarine or vessel who contravenes the provisions of subsection (1) shall be guilty of an offence.

Ships not to be stopped or anchored.

5. (1) No person shall within the territorial or internal waters—

(a) except in a port for repair or refitting, stop or anchor a ship which is temporarily withdrawn from service and has no means of propulsion; or

(b) stop or anchor a fully manned and fully powered ship which is temporarily out of employment,

except with the permission of the Minister and on the conditions and within the areas prescribed by regulation.

(2) Any person who contravenes the provisions of subsection (1) shall be guilty of an offence.

Ships and wreckage not to be sunk or abandoned.

6. (1) No person shall within the territorial waters or internal waters intentionally—

(a) sink or cause to be sunk a ship, a wreck or a hulk except with the permission of the Minister and within

het of gesag voer oor daardie skip, duikboot of ander onderwater-vaartuig; (v)

(v) ,,Minister" die Minister van Vervoerwese; (vi)

(vi) ,,regulasie" 'n regulasie kragtens artikel 14 uitgevaardig; (ix)

(vii) ,,see-installasie"—

(a) enige installasie wat binne die territoriale waters of binnewaters of in die ope see geleë is en wat gebruik word vir die oorbring van olie van 'n skip na 'n punt op land of van daardie punt na 'n skip, en ook 'n olietoring aldus geleë;

(b) 'n bunkervaartuig in daardie waters of die ope see; of

(c) enige vaartuig of toestel wat gebruik word met die doel om die seebodem in daardie waters of die ope see te eksploiteer; (vii)

(viii) ,,skip" 'n skip soos omskryf in artikel 2 van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951); (x)

(ix) ,,territoriale waters" die territoriale waters van die Republiek soos omskryf in artikel 2 van die Wet op Territoriale Waters, 1963 (Wet No. 87 van 1963); (xi)

(x) ,,vreemd", met betrekking tot 'n skip, duikboot of ander onderwater-vaartuig, 'n skip, duikboot of ander onderwater-vaartuig wat nie in die Republiek geregistreer of gelisensieer is nie; (ii)

(xi) ,,vrye en vreedsame deurvaart" deurvaart wat vir die vrede, goeie orde en veiligheid van die Republiek nie skadelik is nie. (iii)

Reg op vrye en vreedsame deurvaart.

2. Behoudens die bepalings van hierdie Wet, het elke skip, duikboot en ander onderwater-vaartuig (behalwe 'n vreemde skip, duikboot of ander onderwater-vaartuig wat nie vir kommersiële doeleindes gebruik word nie) die reg op vrye en vreedsame deurvaart deur die territoriale waters.

Sekere vaartuie moet vlag vertoon.

3. (1) Behalwe soos andersins deur die Minister gemagtig, laat die gesagvoerder van 'n vreemde duikboot of ander vreemde onderwater-vaartuig dit nie op die territoriale waters of binnewaters vaar nie, behalwe op die oppervlakte, en sonder om sy vlag te vertoon.

(2) Die gesagvoerder van sodanige duikboot of vaartuig wat die bepalings van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

Ingang in en vertrek uit binnewaters.

4. (1) Die gesagvoerder van 'n skip, vreemde duikboot of ander vreemde onderwater-vaartuig laat, behalwe soos by regulasie voorgeskryf, dit nie binnewaters ingaan of verlaat nie behalwe 'n hawe wat onder die gesag of beheer of bestuur van die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Haweadministrasie is.

(2) Die gesagvoerder van sodanige skip, duikboot of vaartuig wat die bepalings van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

Skepe wat nie tot stilstand gebring of vasgeanker mag word nie.

5. (1) Niemand mag binne die territoriale waters of binnewaters—

(a) behalwe in 'n hawe om herstel of opnuut uitgerus te word, 'n skip wat tydelik uit die vaart geneem word en geen aandrywingsmiddele het nie, tot stilstand bring of vasanker nie; of

(b) 'n skip met volle bemanning en ten volle van dryfkrag voorsien wat tydelik nie in diens is nie, tot stilstand bring of vasanker nie,

behalwe met die toestemming van die Minister en op die voorwaardes en binne die gebiede by regulasie voorgeskryf.

(2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

Skepe en wrakgoed mag nie gesink of prysgegee word nie.

6. (1) Niemand mag opsetlik binne die territoriale waters of binnewaters—

(a) 'n skip, 'n wrak of 'n onttakelde skip sink of laat sink nie, behalwe met die toestemming van die Minister en

the areas and on the conditions prescribed by regulation; or

(b) abandon a ship which is not in distress, a wreck or a hulk.

(2) Any person who contravenes the provisions of subsection (1) shall be guilty of an offence.

Suspension of passage.

7. (1) Notwithstanding the other provisions of this Act, if the Minister after consultation with the Minister of Defence considers it essential for the protection of the security of the Republic, he may for a specified period suspend the passage of ships in specified areas of the territorial waters or prohibit entry into internal waters.

(2) Such suspension or prohibition shall not take effect before it is given notice of as provided in section 15.

(3) The master of a ship who wilfully fails to observe such suspension or prohibition shall be guilty of an offence.

Passage deemed to be not innocent.

8. (1) Notwithstanding the provisions of section 16, the passage of a ship which carries or has on board in the territorial waters—

(a) narcotic drugs; or

(b) cargo or any appliance or apparatus the use of which or persons who in the opinion of the Minister may constitute a threat against the sovereignty, territorial integrity or political independence of the Republic,

shall be deemed to be not innocent, and that ship and cargo and those persons may be dealt with as provided by section 9.

(2) The master of any ship referred to in subsection (1) *(a)* shall be guilty of an offence.

Minister's powers relating to ship on non-innocent passage.

9. (1) The Minister may require the master of a ship of which the passage is in terms of section 8 deemed to be not innocent or is believed by him to be not innocent—

(a) to stop or anchor the ship;

(b) to declare the ship's name, official number, flag, type, gross tonnage, destination and cargo;

(c) to move the ship to a place specified by the Minister;

(d) to produce for inspection by an authorized person all papers or documents relative to the ship and its cargo and allow him to make copies thereof;

(e) to allow authorized persons on board the ship to inspect the ship, its equipment and cargo;

(f) to deliver any person referred to in section 8 (1) to an authorized person having powers of arrest, in order to be dealt with according to law.

(2) If the master of the ship fails to perform, within the time specified by the Minister, any act which he has in terms of subsection (1) been required to perform, the Minister may cause such act to be performed, with the employment of such force as may be necessary.

(3) If the Minister is satisfied that the passage of the ship is not innocent, he may cause the ship and its cargo or part thereof, or the ship or its cargo or part thereof, to be detained on such conditions as may be prescribed by regulation, for a period not exceeding seven days or such further period as an order of a division of the Supreme Court of South Africa may authorize.

(4) The Minister may, in respect of the ship and its cargo or part thereof detained in terms of subsection (3)—

(a) cause the ship and cargo or part thereof to be released from such detention;

(b) subject to any order referred to in subsection (3), cause the ship and cargo or part thereof, or the ship or cargo or part thereof, to be seized and dealt with in such manner as may be directed by him.

(5) If the ship and cargo or part thereof, or the ship or cargo or part thereof, is sold by virtue of the provisions of subsection (4)

binne die gebiede en op die voorwaardes by regulasie voorgeskryf; of

(b) 'n skip wat nie in nood verkeer nie, 'n wrak of 'n onttakelde skip prysgee nie.

(2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

Opskorting van deurvaart.

7. (1) Ondanks die ander bepalings van hierdie Wet kan die Minister, indien hy na oorlegpleging met die Minister van Verdediging dit vir die beskerming van die veiligheid van die Republiek noodsaaklik ag, vir 'n bepaalde tydperk die deurvaart van skepe binne bepaalde gebiede van die territoriale waters opskort of toegang tot binnewaters verbied.

(2) Bedoelde opskorting of verbod tree nie in werking voordat dit soos in artikel 15 bepaal, bekend gemaak is nie.

(3) Die gesagvoerder van 'n skip wat opsetlik versuim om daardie opskorting of verbod na te kom, is aan 'n misdryf skuldig.

Deurvaart geag nie vry en vreedsaam te wees nie.

8. (1) Ondanks die bepalings van artikel 16, word die deurvaart van 'n skip wat binne die territoriale waters—

(a) bedwelmende medisyne; of

(b) vrag of enige toestel of apparaat waarvan die gebruik of persone wat volgens die oordeel van die Minister 'n bedreiging teen die soewereiniteit, gebiedsonskendbaarheid of staatkundige onafhanklikheid van die Republiek mag uitmaak,

vervoer of aan boord het, geag nie vry en vreedsaam te wees nie, en kan daar met daardie skip en vrag en persone gehandel word soos by artikel 9 bepaal.

(2) Die gesagvoerder van 'n skip in subartikel (1) *(a)* bedoel, is aan 'n misdryf skuldig.

Bevoegdhede van Minister met betrekking tot skip op deurvaart wat nie vry en vreedsaam is nie.

9. (1) Die Minister kan eis dat die gesagvoerder van 'n skip waarvan die deurvaart ingevolge artikel 8 geag word nie vry en vreedsaam te wees nie of deur hom vermoed word nie vry en vreedsaam te wees nie—

(a) die skip tot stilstand bring of vasanker;

(b) die skip se naam, amptelike nommer, vlag, tipe, bruto-tonnemaat, plek van bestemming en vrag te kenne gee;

(c) die skip verskuif na 'n plek wat die Minister vermeld;

(d) alle dokumente of stukke met betrekking tot die skip en sy vrag vir insae deur 'n gemagtigde persoon oorlê en hom toelaat om afskrifte daarvan te maak;

(e) gemagtigde persone aan boord van die skip toelaat om die skip, sy uitrusting en vrag te ondersoek;

(f) enige persoon in artikel 8 (1) beoog, uitlewer aan 'n gemagtigde persoon wat bevoegdheid tot inhegtenisneming besit, ten einde ooreenkomstig die reg behandel te word.

(2) Indien die gesagvoerder van die skip versuim om binne die tydperk wat die Minister bepaal, 'n handeling te verrig wat ingevolge subartikel (1) van hom vereis is, kan die Minister daardie handeling, met die aanwending van die nodige geweld, laat verrig.

(3) Indien die Minister oortuig is dat die deurvaart van die skip nie vry en vreedsaam is nie, kan hy die skip en sy vrag of deel daarvan, of die skip of sy vrag of deel daarvan, laat aanhou op die voorwaardes wat by regulasie voorgeskryf is, vir 'n tydperk wat nie sewe dae oorskry nie, of die verdere tydperk wat 'n bevel van 'n afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika magtig.

(4) Die Minister kan ten opsigte van die skip en sy vrag of deel daarvan wat ingevolge subartikel (3) aangehou word—

(a) die skip en vrag of deel daarvan van bedoelde aanhouding onthef;

(b) behoudens enige bevel in subartikel (3) bedoel, op die skip en vrag of deel daarvan, of die skip of vrag of deel daarvan, laat beslag lê en dit laat behandel op die wyse wat hy gelas.

(5) Indien die skip en vrag of deel daarvan, of die skip of vrag of deel daarvan, uit hoofde van die bepalings van subartikel (4)

(b), the proceeds of such sale shall be paid into the State Revenue Fund.

Notice to be given of proceedings in respect of foreign ships.

10. If any action in terms of this Act is contemplated or taken in respect of any foreign ship, or if any proceedings in terms of this Act are contemplated or taken against the master or owner or a member of the crew of or any person on board of any foreign ship, the Minister shall, if the master of the ship so requests, forthwith advise the agents of the ship and the consular representative of the country whose flag the ship flies at the nearest harbour to such ship, of the action or proceedings taken or contemplated and of the grounds therefor.

Penalties.

11. Any person shall be liable on conviction of—

(a) any offence under section 3 (2), to a fine not exceeding R5 000 or to imprisonment for a period not exceeding twelve months or to both such fine and such imprisonment;

(b) any offence under section 4 (2), 5 (2) or 8 (2), to a fine not exceeding R10 000 or to imprisonment for a period not exceeding two years or to both such fine and such imprisonment;

(c) any offence under section 6 (2) or 7 (3), to a fine not exceeding R1 000 or to imprisonment for a period not exceeding three months or to both such fine and such imprisonment.

Delegation of powers.

12. The Minister may delegate any power conferred upon him by this Act, other than a power conferred upon him by section 14, to one or more persons in the service of the State, but shall not thereby be divested of any power so delegated and may amend or withdraw any decision of any such person.

Limitation of liability.

13. Any person in the service of the State or any other person exercising any power under this Act shall not be liable in respect of any loss or damage resulting from anything done in good faith in terms of the provisions of this Act.

Regulations.

14. The Minister may make regulations—

(a) regulating marine traffic in the territorial and internal waters, including the prescribing of sea lanes and traffic separation schemes for ships in general or for any class of ship or for ships carrying nuclear or other dangerous or noxious substances;

(b) providing for the protection of navigational aids and facilities and offshore installations;

(c) exempting any ship or class of ship from any provision of this Act;

(d) as to any matters which in terms of this Act are required or permitted to be prescribed by regulation,

and, in general, as to all matters which he considers it necessary or expedient to prescribe in order that the purposes of this Act may be achieved.

Notification of regulations made or other action under Act.

15. The Minister may, instead of causing regulations under section 14, or any suspension or prohibition referred to in section 7 (1), or any requirement under section 9 (1), to be published in the *Gazette*, give notice thereof to the persons concerned in such manner as he may deem fit.

Craft to which Act does not apply.

16. The provisions of this Act do not apply to—

(a) ships, submarines or other underwater vessels owned and operated by the Government of the Republic for non-commercial purposes; or

(b) any other ship or vessel or class of ship or vessel exempted by the Minister by regulation from any provision of this Act in so far as it is so exempted.

(b) verkoop word, moet die opbrengs van bedoelde verkoping in die Staatsinkomstefonds gestort word.

Kennis moet gegee word van stappe ten opsigte van vreemde skepe.

10. Indien optrede ingevolge hierdie Wet beoog word of plaasvind ten opsigte van 'n vreemde skip, of indien stappe ingevolge hierdie Wet beoog of gedoen word teen die gesagvoerder of eienaar of 'n lid van die bemanning van of enigiemand aan boord van 'n vreemde skip, moet die Minister, indien die gesagvoerder van die skip dit versoek, onmiddellik die agente van die skip en die konsulêre verteenwoordiger van die land wie se vlag die skip voer, by die hawe naaste aan die skip, verwittig van die optrede of stappe wat plaasvind of gedoen of beoog word en van die gronde daarvoor.

Strawwe.

11. Iemand is strafbaar by skuldigbevinding aan—

(a) 'n misdryf kragtens artikel 3 (2), met 'n boete van hoogstens R5 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf;

(b) 'n misdryf kragtens artikel 4 (2), 5 (2) of 8 (2), met 'n boete van hoogstens R10 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf;

(c) 'n misdryf kragtens artikel 6 (2) of 7 (3), met 'n boete van hoogstens R1 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

Delegering van bevoegdhede.

12. Die Minister kan 'n bevoegdheid wat hierdie Wet aan hom verleen, behalwe 'n bevoegdheid by artikel 14 aan hom verleen, aan een of meer persone in diens van die Staat delegeer, maar word nie daardeur ontdoen van 'n bevoegdheid aldus gedelegeer nie, en kan 'n beslissing van so 'n persoon wysig of intrek.

Beperking van aanspreeklikheid.

13. Iemand in diens van die Staat of iemand anders wat 'n bevoegdheid kragtens hierdie Wet uitoefen, is nie aanspreeklik nie ten opsigte van enige verlies of skade wat ontstaan as gevolg van enigiets wat te goeder trou ingevolge die bepalings van hierdie Wet gedoen is.

Regulasies.

14. Die Minister kan regulasies uitvaardig—

(a) wat seeverkeer in die territoriale waters en binnewaters reël, met inbegrip van die voorskryf van seeweë en verkeersverdelingskemas vir skepe in die algemeen of vir skepe wat kernstowwe of ander gevaarlike of skadelike stowwe vervoer;

(b) wat voorsiening maak vir die beskerming van navigasiehulpmiddels en -geriewe en see-installasies;

(c) wat enige skip of klas skip van enige bepaling van hierdie Wet vrystel;

(d) aangaande aangeleenthede wat ingevolge hierdie Wet by regulasie voorgeskryf moet of kan word,

en, in die algemeen, aangaande alle aangeleenthede wat hy dit nodig of dienstig ag om voor te skryf ten einde die doeleindes van hierdie Wet te bereik.

Bekendmaking van regulasies uitgevaardig of ander optrede kragtens Wet.

15. Die Minister kan, in plaas van regulasies kragtens artikel 14, of enige opskorting of verbod in artikel 7 (1) bedoel, of enige vereiste kragtens artikel 9 (1), in die *Staatskoerant* te laat publiseer, dit aan die betrokke persone bekend maak op die wyse wat hy goedvind.

Vaartuie waarop Wet nie van toepassing is nie.

16. Die bepalings van hierdie Wet is nie van toepassing nie op—

(a) skepe, duikbote of ander onderwater-vaartuie wat deur die Regering van die Republiek vir niekommersiële doeleindes besit en gebruik word; of

(b) enige ander skip of vaartuig of klas skip of vaartuig wat deur die Minister by regulasie van enige bepaling van hierdie Wet vrygestel is, vir sover dit aldus vrygestel is.

Operation of Act in relation to other laws.

17. The provisions of this Act are in addition to and not in substitution of any other law which is not in conflict with or inconsistent with this Act.

Agreement with government of certain state or territory.

18. If agreed upon between the Government of the Republic and the government of any other state or territory of which the territorial waters are contiguous to the territorial waters of the Republic, the Minister may for and in respect of that state or territory perform any function which he would be capable of performing in the Republic in terms of this Act, as if that state or territory formed part of the Republic.

Short title and commencement.

19. This Act shall be called the Marine Traffic Act, 1981, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

Werking van Wet met betrekking tot ander wette.

17. Die bepalings van hierdie Wet geld benewens enige ander wet wat nie met hierdie Wet strydig of onbestaanbaar is nie, en dien nie ter vervanging daarvan nie.

Ooreenkoms met regering van sekere staat of gebied.

18. Indien daaromtrent ooreengekom tussen die Regering van die Republiek en die regering van 'n ander staat of gebied waarvan die territoriale waters aan die territoriale waters van die Republiek grens, kan die Minister vir en ten opsigte van daardie staat of gebied enige werksaamheid verrig wat hy ingevolge hierdie Wet in die Republiek sou kon verrig, asof daardie staat of gebied deel van die Republiek uitgemaak het.

Kort titel en inwerkingtreding.

19. Hierdie Wet heet die Wet op Seeverkeer, 1981, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS) BPK, KAAPSTAD—BB2816/12 900
PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY) LTD, CAPE TOWN—BB2816/12 900